# Al Psalmend

## WEEK EEN: DEEL TWEE

---

Ons doelwit vir hierdie week is om die eerste Psalmboek (1-41) deur te lees. Volg die leesprogram wat in die vorige deel as jy hulp nodig het. Kyk ook na die slotparagraaf van hierdie gedeelte as jy meer motivering nodig het.




Tot dusver het ons gekyk na....

- die Psalms as ‘n skatkis van emosies
- die Psalms se oorsprong
- die outeurskap van die Psalms
- die indeling van die Psalms in vyf boeke.

## WAT WEET ONS TOT DUSVER:

- **dat die Psalms oor 'n baie lang periode geskryf is:**

  Die vroegste psalm kom waarskynlik uit die laat 900's v.C. Baie van die Psalms word aan Dawid toegedig, alhoewel die meerderheid van hierdie Psalms na die terugkeer uit die Babiloniese Ballingskap* geskryf is (wat impliseer dat Dawid reeds dood was, al word baie Psalms van hierdie periode steeds aan sy naam verbind).
  Soos ons die Psalms in die huidige formaat ken, was dit reeds teen 150vC voltooi.

  **Baie van ons ken Boney M se "By the rivers of Babylon", maar hier is 'n baie vaardige musiekskrywer, Jason Silver, eie komposisie oor Psalm 137:*
  *https://www.youtube.com/watch?v=lqYIMLH5NMI&list=RDlqYIMLH5NMI&index=1*

- **dat die Psalms uit versamelings van gedigte bestaan:**

  waarvan die 4 grootste versamelings behoort aan Dawid, Asaf, Kora en Hallel.

- **dat die Psalms die vyf boeke van Moses "mimiek":**

  Net soos die Torah geleer is deur dit te sing, so is die Psalms gebid deur dit te sing.

  Net soos elkeen van die vyf boeke van Moses met 'n lofprysing geëindig is, so eindig elkeen van die vyf Psalmboeke ook met 'n lofprysing:


  Psalm 41:14 - *Aan die Here, die God van Israel, kom die lof toe tot in die allerverste toekoms. Amen, ja, amen*.
  Psalm 72:19 - *Mag sy verhewe Naam vir altyd geloof word, mag die hele wêreld vol wees van sy majesteit. Amen, ja, amen.*
  Ps 89:53 - *Aan die Here kom die lof toe vir altyd Amen, ja, amen.*
  Ps 106:48 - *Aan die Here die God van Israel kom die lof toe tot in die allerverste toekoms. Die hele volk moet sê: "Amen! Prys die Here!"*
  Psalm 145 – Psalm 150 is lofprysing. Ps 145:1 lei die lofprysing in - *Ek wil u lof verkondig, my God en Koning, ek wil u Naam altyd loof.*

- **dat die Psalms credo's is en nie dogma:**

  M.a.w. die psalms wil nie vir ons leerstellige kennis gee (wat ons glo nie), maar dra geloofsverklaring oos (hoe en in wie in ons glo). Die psalms wil ons dus nie "oor God" laat gesels nie, maar wil ons begelei sodat ons "met God" kan gesels ... al psalmend.

- **dat die Psalms deel vorm van aanbiddingsrituele:**

  Dit was gebruik as liedere vir byeenkomste in die tempel en die sinagoges. Hierdie liedere word steeds, na 3 000 jaar, in die jaar 2020, gebruik. Hoe meer ons die Psalms bestudeer, hoe meer ontdek ons hoe akkuraat die psalmdigters die mens, met al die <u>menslike</u> swakhede en beperkinge beskryf het. Net soos die psaldigters die volk Israel geleer het, leer ons via die Psalms ook <u>wie God</u> is.




**As ons wil leer hoe om God te aanbid, is daar geen beter boek wat ons meer daaroor kan leer as die Psalms nie.**

# TIPE LIEDERE IN DIE PSALMS




Die belangrikste beginsel by die lees van die Psalms, is dat ons eintlik die Psalms behoort te sing. Dis hoekom ons die reeks "*Al Psalmend*" noem. Ons werk ... *al psalmend*. Ons speel met die kinders en die honde en maak die tuin nat ... *al psalmend*. Ons doen ons begroting en betaal ons rekeninge ... *al psalmend*. Ons dink na oor ons lewe en die koers wat ons inneem ... *al psalmend*.

Juis omdat ons weet dat ons lewens nie noodwendig soos 'n loflied geleef word nie, is "*al psalmend*" soms gesing "*in 'n mineurtoonaard*". Presies soos sommige liedere van die Psalmboek ook.

Daar is verskillende tipe liedere (ons kan dit ook die "genre" van die Psalms noem). Soms is dit individueel gesing, maar oorwegend was dit liedere wat die volk gesing het by spesifieke Tempel-byeenkomste. Hier is enkele voorbeelde van die tipe liedere in die Psalmboek:

- Pelgrimsliedere
- Lofliedere
- Dankliedere
- Klaagliedere
- Wysheidsliedere
- Troonbestygingsliedere
- Liturgiese liedere

# JESUS EN DIE PSALMS

As dit nie was dat die Psalms so baie in die Nuwe Testament aangehaal is nie; en veral ook nie deur Jesus in sy sterwenswoorde nie, was dit seker nie vir ons nodig om so deeglik notisie van die Psalmboek te maak nie. Met hierdie liedere het Jesus, saam met sy volkgenote, gesing en gedans en gebid. Wat leer ons oor Jesus en die Psalms?

- Jesus word in die Lukas evangelie as 'n "biddende man" beskryf: Al vier evangelies praat oor Jesus se doop, maar net Lukas vertel dat Jesus gebid het terwyl Hy gedoop is (3:21);

- Voor die roeping van die twaalf dissipels het Jesus deurnag gebid;

- In Caesarea Filippi het Jesus, weereens deurnag, gebid voor die belydenis van Petrus (9:18);

- Op die berg van verheerliking het Jesus en sy twee dissipels gebid(9:28);

- Jesus bid Simon Petrus (22:31-32);

- Hy het by sy dissipels aangedring om te bid met die oog op die toekoms (21:36);

- Lukas vertel ook van twee gebede van Jesus aan die kruis gebid (23:34, 46).

Dan praat ons nie eers van die hoeveelheid kere wat Jesus oor gebed onderrig gegee het nie.

Behalwe dat Jesus gebid het "soos dit die gebruik was", lees ons ook van tye wat Jesus gebid het as hy 'n groot besluit moes neem. Jesus se gebede het, net soos die Psalms, hand-aan-hand geloop met sy emosies. (Dit is 'n goeie riglyn om te onthou: bid oor jou ervaringe en jou emosies, in plaas daarvan om "met jou emosies" te reageer op mense).

Somtyds het Hy vroeg in die oggend gebid, soms laat in die aand en soms die hele nag lank. Daar is tye dat ons sien dat Jesus vol vreugde was.

Bykans elke wonderwerk het voorafgegaan deur tye van gebed. Johannes herinner ons dat die Seun niks sonder die Vader kan doen nie ... ons sien dit in Jesus se kontak met die Vader dus elke keer as daar iets gedoen gaan word.

In die Joodse tradisie is daar nie 'n onderskeid gemaak tussen "spiritueel" en "gewoon" nie. Alles was spiritueel. Gebed was vir Jesus 'n leefwyse. Deel van sy leefwyse was om gereeld die sinagoge-byeenkomste by te woon, en vanselfsprekend is die vyf boeke van die Psalms ook daar gebruik.

**Die Psalms in die Evangelies en Handelinge:**

Die Psalmboek, in sy huidige formaat soos ons dit in ons Bybel het, was deel van die volk se liedereskat. Almal het dit geen. Wanneer Jesus byvoorbeeld met die Sadduseërs in 'n gesprek is, dan lees ons dat Jesus hulle antwoord (Luk 20:42): "*Dawid sê tog self in die boek van die Psalms...*" Duidelik het almal geweet waarvan Jesus praat.

Daar is baie meer verwysings, hier is net enkeles wat direk na 'n spesifieke Psalm verwys:

* Psalm 2 = Hand 4:27, 13:33
* Psalm 22:1 = Matt 27:46; Mark 15:34
* Psalm 22:7-8 = Matt 27:39-44; Mark 15:29-32; Luk 23:35-39
* Psalm 22:18 = Joh 19:23-24
* Psalm 69 = Joh 15:25 ook Joh 2:16

Min skrywers het soveel aandag gegee aan die Psalms in Jesus se lewens soos NT Wright. Luister hier na hom waar hy 'n praatjie lewer oor wat hy "The Songs of Jesus" noem.
https://www.youtube.com/watch?v=l8kT-N-fViY

## WAT WEET ONS TOT DUSVER VAN DIE PSALMS

Ons weet reeds genoeg om elkeen 'n paar opmerkings oor die Psalms te kan maak. Ek het bietjie nagedink en vir myself die volgende voorlegging gedoen. (Jy kan ook die video sien by: https://youtu.be/3HglftyXDgw )

**Deur die Psalms te bid word ons uitgedaag en gevorm soos dit God pas. Ook ons klaagliedere kan verander in lofliedere wanneer ons - soos die Psalmdigters - aanhou om by God aan te meld met al ons emosies van verlorenheid en verwyte, woede en weerloosheid, bekommernis en benoudheid. Wanneer ons nie 'n woordeskat het om ons klaagliedere te bid nie, kan ons hulle wat ons voorgaan se woordeskat gebruik. Jesus het dit ook gedoen.**




**Die Psalms help ons om op 'n nuwe manier oor God te dink: dit dwing ons uit die oorbekende na die onbekende. Dit leer ons om aan God te dink as groter en meer:**
**kragtiger, maar ook sagter; hoër, maar ook nader;**
**wyser, maar ook toegankliker.**
**Die Psalm begelei ons om God met die verbeeldingrykheid van die destydse Psalmdigters te leer ken.**





**Ons sing Psalms as 'n reaksie op God se werk in ons lewens. Die Psalms word nie gesing met die hoop dat God daarop sal reageer nie. God het reeds reageer. Daarom kan ons die Psalms sing.**

Om God te loof is om erkenning te gee
aan wie God vir ons is.
Om God te loof is om erkenning te gee
aan wie God vir ons wil wees.
Om God te loof is om erkenning te gee
aan die God wat onverander bly:
deur die eeue tot in lengte van dae.
Lof is die reaksie as jy die“Ek is” ontmoet.




God is die Skepper van
alles wat goed is.
Wanneer daar bose dinge
in menselewens gebeur
mag ons klaagliedere
daaroor sing,
wetend dat die
Skepper-van-die-Goeie
dit wíl om ons
mineurklanke
te verander in
majeur-lofliedere.



Dink aan die Psalms as gedigte op maat van musiek.
Gedigte gebruik woorde spaarsamig;
dit gebruik metafore om die leser daarvan te lei tot selfontdekking.
Gedigte bring ons by hoër horisonne en laat jou verder en wyer kyk.
Gedigte laat ons nooit onveranderd nie, want dit praat die taal van die hart, nie net die taal van intellek nie.






**Die mens word die "kroon" van God se skepping genoem. God se hoogtepunt. Die Psalms is die "kroon" van mense se lof en aanbidding vir die Skepper-God.**

**Wanneer 'n mens hulp nodig het, vergeet jy "kerktaal"; dan bid jy rou en eerlik.**
**Wanneer 'n mens met jou rug teen die muur staan en geen uitkoms sien nie, dan is jy gestroop van alle fêsiegeit.**
**Dit is hoe die Psalmdigters hulle gebede gebid het.**






**"Dit is nie verniet dat die Psalmboek in die middel van die Bybel is nie. Ons gebede word van alle kante af deur God toegevou. Geen woord van ons gebede raak ooit verlore nie.**

God luister na ons
gebede, nie omdat
ons “reg” bid nie,
maar omdat God
ons God se
erfgename gemaak
het.
Dat God luister is
die erfporsie wat
God belowe ons
reeds ontvang het.



**Met die Psalms troos ons mekaar.**
**Met die Psalms bemoedig ons mekaar.**
**Met die Psalms vermaan ons mekaar.**
**Met die Psalms leer ons mekaar.**
**Met die Psalms spoor ons mekaar aan.**
**Met die Psalms in ons midde aanbid ons saam.**





Wanneer jy onseker is hoe om te bid,
of bloot wonder of God jou hoor...
wanneer God se teenwoordigheid nie
meer vir jou ‘n sekerheid is nie ...
wanneer die gejaagdheid van die
lewe jou soos ‘n vreemdeling voor
God laat staan...
laat die Psalms die fluistering wees
wanneer jy moeg aan die lewe
geskreeu is...
laat die Psalms weer lewe inblaas in
jou begeerte om vernuwing ...



Ontdekking

**'n Oefening**

Die psalmdigters leer ons om baie meer kreatief met ons geloofsuitdrukking wees. **Gebruik die teksvers wat jy vroeër in die week gekies het en beeld dit vir jouself kreatief uit. Jy kan bv 'n video of 'n powerpoint maak; of 'n gedig skryf, of 'n coullage bou.**

Kyk bv. hoe die joernalis en fotograaf, Neels Jackson, Psalm 18:3 visueel uitgebeeld het. Dit is sy eie foto's wat hy gebruik het.

Kontak Neels gerus by neels.jackson.61@gmail.com as jy meer oor sy werk wil uitvind.

Kyk na die uitbeelding in video-formaat hier: https://youtu.be/1I4xMpTyUnE

**TEN SLOTTE**

Ons kan alles van die Psalms af weet, sonder dat dit 'n aks aan ons lewe verskil maak. Daarom is hierdie 4-weekse nadenke oor die Psalms nie t.w.v. "meer weet" nie, maar t.w.v. "beter weet".


Ons fokus in hierdie week daarop om die Psalms in die volledige versameling te lees. Die manier waarop ek besluit het om dit te doen, is om my oggend en aand se stukke met een slag hardop te lees en dit met my selfoon se klankopnemer op te neem. Deur die loop van die dag probeer

ek gereeld daarna luister, en saans gee ek een televisieprogram prys en luister dan tot die einde. (Dit beteken dat minstens twee keer op 'n dag na my daaglikse Psalms geluister het). Dit is ook nie 'n slegte idee om byvoorbeeld jou gesinslede (of vriende) te vra om vir jou elkeen 'n spesifieke psalm op te neem en vir jou aan te stuur nie. Om na 'n ander stemtoon te luister laat jou dadelik ook anders hoor.

Dalk het jy nog nooit al 150 Psalms gelees nie. Nou is die geleentheid! Maar waarom doen ons dit?

1) Omdat die Psalms vir ons as 'n geskenk nagelaat is, vir ons vrye gebruik.
2) Om ons "voorkeure" te ontbloot: dit is nie verkeerd om voorkeure te hê nie; die probleem met voorkeure (wat ons gewoonlik ook onderstreep) is dat ons later nie meer moeite doen om die "tussen-in teks" te lees nie. Om deur al 150 Psalms te lees dwing ons om ook die eenkantgeskuifdes te ontdek.


Kies vir die volgende 4 weke een uur in jou dag waar jy net met die Psalms doenig is. Hou 'n skryfboek/joernaal byderhand en maak notas soos jy aan dinge dink. Maak in jou joernaal afsonderlike kolomme:



MAAR JY KAN NIE DAAR STOP NIE ... want dan het jy nog net ontdek. Die Psalms is die "mimiek" van die boeke van Moses. Daardie vyf boeke word die "Torah" genoem (wat ons as "wet" vertaal, maar dit kan ook "God se wil" of "God se riglyne" wees). In die Psalms (dink maar aan Psalm 1 en Psalm 119) is die nadenke oor die "woorde van God", m.a.w. die Torah, een van die belangrikste riglyne as jy die seën van God wil ontvang. **Torah beteken letterlik om met 'n skerp voorwerp 'n teiken in die kol te skiet.** Die Torah is dus bedoel om 'n pyl te wees wat jou hart tref. Jy gaan dus "*as 'n gewonde*" weg nadat jy die Tora gelees het.

Die Psalms moet jou ook "as 'n gewonde" agterlaat. Jy sien in elke Psalm hoe die digter self sy "wonde" voor God ontbloot. Soms baklei hy daaroor. Soms huil hy. Soms moet hy sy sonde bely. Maar hy hou aan met sy wond-versorging totdat daar heelheid kom.

# DIE PSALMS EN WONDVERSORGING




"Wondversorging" kan 'n ander naam wees vir "Stiltetyd"

Enige "stiltetyd", ongeag hoe jy dit doen, sal altyd drie elemente hê:

* 'n Keuse (wat hopelik 'n gewoonte word) om 'n spesifieke tyd af te staan vir jou geloofsvorming
* 'n Bron/hulpmiddel (wat gewoonlik ook die Bybel insluit)
* Gebed .

As hierdie drie elemente nie daar is nie, gaan jy nie die transformasie kan ervaar wat die Heilige Gees wil bied nie.

Om die Psalms te lees word deur die eeue as 'n geloofsgewoonte beskou. ('n **Geloofsgewoonte** kan bloot beskryf word as 'n doelbewuste keuse om iets te doen met die oog op die vrug wat dit sal lewer). In die bekende "Riglyne van Benediktus" ("The Rule/Regula of St Benedict") het Benediktus die geloofsgewoonte voorgeskryf vir die priesters/monnike om die Psalms in een week te lees; dit beteken in 'n jaar lees jy 52 keer deur die Psalms. Die Katolieke Kerk volg steeds hierdie riglyn.
Die Anglikane se "Book of Common Prayer" skryf nou nog die daaglikse lees (soggens en saans) van die Psalms voor. Op die wyse lees jy een maal per maand deur al 150 Psalms. Dit beteken dat Anglikane vandag steeds 12 keer per jaar deur die Psalmboek lees.

(Dit bring my by my eie nadenke: het ek tussen Jun 2019 tot Jun 2020 eenmaal ál 150 Psalms gelees? Ek weet wat ek hierop kan antwoord...).




Dink oor hierdie woorde van Tim Keller na – ons sal volgende week verder hieroor gesels:

"The biggest problem is not having the time. And you don't make the time because it usually doesn't immediately grab your heart and you get distracted. It's hard. But there is nothing more important than this. Once you get to the place where your prayer life begins to grow again, or maybe for the first time, you'll say I've wasted a big part of my life. There is no way to know yourself except through prayer. There's no way to change what you worship, which is the way you change yourself, except through prayer. There's no way to please God except through prayer, because when you pray you're really treating Him as God — you're giving Him your private world, not just the part that everybody sees – you're giving Him everything."

In hierdie week probeer gerus om Psalm 1-41 klaar te lees.

**WEEK TWEE: DEEL 1 sal Maandagoggend, 20 Julie 2020, 06:00, gereed om afgelaai te word.**